*Saterdag* **14 Februarie**
**Skrifgedeelte: Titus 2:11 – 3:11 (AFR33/53)**
**Fokusgedeelte: Titus 3: 4, 5**

**God se barmhartigheid red – nie die werke van mense nie**

Paulus en Titus het vir ’n tyd die Woord op die eiland Kreta verkondig. Toe het Paulus Titus daar agtergelaat om verder met sy bediening te gaan en hom daaroor raad gegee en bemoedig.

Kreta was geestelik bankrot en vervalle, iets soos wat deesdae in baie van die middestede aangaan. Die inwoners het nie ’n goeie naam in daardie tyd gehad nie. Die naam *Kretenser* het ’n spreekwoord geword vir seerowers, diewe, vrate, leuenaars, luiaards en ongediertes (1:12).

Tog het daar ’n gemeente tot stand gekom. Hoe kon dit te midde van sulke “slegte” mense? Net vanweë die reddende genade van God! As dit van die mens en sy werke moes afhang om gered te word, was dit heeltemal onmoontlik. In 3:3 lees ons hoedat die gelowiges eers was. Dit skep nie ’n mooi prentjie nie.

Vers 4 begin egter met ’n betekenisvolle “maar”. Daarmee word die keerpunt in die lewe van die (tans) gelowiges en ook elke gelowige aangekondig. Hoewel die mens in die verlorenheid van sonde verkeer en geen ontferming verdien of sefs daarna soek nie, het God die keerpunt gebring. Hy het Hom ontferm en die weg tot redding en ewige geluksaligheid gebring. Die prys van hierdie verlossingswerk is só hoog dat dit die volle inset van die Drie-enige God vereis het:

- Die Vader skenk sy genadige barmhartigheid (vs 4-5).
- Die Seun tree as Middelaar op (vs 6).
- Die Heilige Gees bewerk die wedergeboorte en vernuwing (vs 5).

Paulus is hiermee baie duidelik dat die mens niks tot sy redding kan bydra nie (*nie op grond van die werke van geregtigheid wat ons gedoen het nie* …). Dit is net die barmhartige God wat red (*maar na sy barmhartigheid het Hy ons gered*).

Die redding vind plaas vanweë die oorvloedige teenwoordigheid van die Heilige Gees. Dit doen Hy deur die wedergeboorte en die vernuwing van lewens. Met die “bad van die wedergeboorte” word na die doop verwys wat uitbeeld hoedat die oorgang plaasvind uit die ou lewe van sonde na die nuwe lewe as kind van God. Deur die afwassing van sondes is die lewe vernuwe.

Dit is ’n groot genade dat ons niks vir ons redding hoef en kan doen nie. Na sy groot barmhartigheid red God ons. Hy gee die vernuwing sodat ’n verloste lewe wys in die manier hoe ons leef.

*Sing: Psalm 48-1:4*

*Ds. P (Pieter) van Wyk (Bronkhorstspruit)*